

## HELDERBERG UITREIK: Helderberg Hospitaal

Helderberg Hospitaal spreek hul hartlike dank uit vir die betrokkenheid en omgee van die kerk en die lieue lidmate oor die afgelope jare. Daar is ook groot waardering vir die pakkies wat afgelewer word. So dan ook vir finansiële donasies daarvoor en vir almal wat help print, knip, plak en pak. Ons kan steeds nie die pasiënte besoek nie, maar hulle sal graag ons geskenkpakkies met 'n kort geestelike boodskappie daarop, vir hulle uitdeel. Ons fokus kan dus weer terugskuif na die pasiënte, maar ons sal wel soms die personeel bederf met 'n verrassinkie. Verdere donasies wat waardeer sal word, is **geestelike boeke vir oud en jonk**, wat deurlopend in sale versprei sal word. **Klerasie ook vir oud en jonk**, asb. reeds gewas, gestryk en gevou. Alle donasies kan by die kerkkantoor afgegee word. Ons herinner net dat **finansiële donasies** vir die projek asb. aangedui word met **verwysing: Helderberg Hospitaal**.

Ons waardeer die voorbidding en betrokkenheid van almal.

**Lynette Jacobs**

**Projekleier: Helderberg Hospitaal**

## HELDERBERG UITREIK: Helderberg Babas

Baie dankie vir die geleentheid om weer Helderberg Babas se behoeftes aan die gemeente bekend te maak.

**Vir baba-versorgers se teetyd:** Beskuit/koekies, langlewe volroom melk, suiker.

**Algemeen:** Sneesdoekies, baba-afveedoekies (wipes) – *sensitive* soort, watte bolletjies/plat ronde watte sirkels.

**Baba René:** René (tans 14 maande oud) is op 4 maande gediagnoseer met Spinal Muscular Atrophy type 1, 'n terminale genetiese spiersiekte. Haar vermoë om te sluk het die afgelope maand so agteruit gegaan dat sy tans volledig op buisvoeding is. Die melk wat ons haar moet gee se koste beloop R1600 pm. Ons het reeds 'n maandelikse borg van R1 000. Enige bydraes om die tekort aan te vul sal waardeer word. Ons vra asb. ook vir gebed vir René en vir ons. Ons het die Here se krag en genade nodig vir die pad wat ons met haar stap. Nogmaals dankie vir Moedergemeente se oorweldigende ondersteuning en omgeeharte. Bydraes kan asb. by die kerkkantoor afgegee word.

Vir verdere navrae: Werner en Tania Schultz - 084 717 0660

### Dringend benodig:

Helderberg Babas is baie dringend op soek na 'n "Free-flow" suurstofmasjien wat heeltyd suurstof stoot om te bruikleen vir klein René (1 jr oud) wat gediagnoseer is met "Spinal Muscular Atrophy Type 1", 'n terminale genetiese spiersiekte. As daar 'n gemeentelid is wat met hierdie spesifieke tipe suurstofmasjien kan help, sal dit so waardeer word.

Baie dankie aan die gemeentelid wat 'n groot suurstofsilinder beskikbaar gestel het, dit maak reeds 'n groot verskil en Tania laat weet dat hulle so dankbaar is daarvoor. Hulle benodig egter ook 'n kleiner suurstofsilinder vir wanneer hulle vir klein René moet vervoer. Diegene wat kan help kan direk vir Tania Schultz kontak by 084 717 0660.

# Kategese

- Junior kategese (voorskool tot graad 6) tydens die erediens in die kerksaal.
- Senior kategese na die erediens in die onderskeie lokale in die kerksaal.

**Geen kategese gedurende die skoolvakansie.**

**Volgende geleentheid: 24 Julie**

**PROGRAM: KATEGESE vir JUNIOR FASE (Voorskool tot graad 6)**

Datum	Aanbieding	Aanbieder
24 Jul	<b>Gesinsdiens:</b> Amazing Race	Werner
31 Jul	Bekendstelling: Menslike hindernisbaan	Hennie
14 Aug	Hou by die reëls	Suzelle
21 Aug	Ken jou opponent	Werner
28 Aug	Trek aan vir aksie!	Merizle
04 Sep	Hindernisse in die pad	Hennie
11 Sep	Vat vlam!	Suzelle
18 Sep	Bekendstelling: Mini Olimpiese Spele	Merizle
25 Sep	Opgee is nie 'n opsie nie!	Hennie
16 Okt	<b>Gesinsdiens:</b> Amazing Race	Werner
23 Okt	Comrades kampioene	Suzelle
30 Okt	Sien die skare	Merizle
06 Nov	Wanneer die eindfluitjie blaas	Hennie

## Tee na die erediens

Daar sal nie tee bedien word na die erediens oor langnaweke en gedurende skoolvakansietye nie. Volgende geleentheid,

**Sondag 24 Julie 2022.**

Dankie aan Elisma en Lynette wat aan die roer van sake staan.

## COVID-regulasies opgehef:

**Maskers, beperkings op saamtrekke en grensbeheer opgeskort**

**Staatskoerant: 22 Junie 2022**

817 dae nadat die regering COVID-19 inperkings ingestel het, het die minister van gesondheid, Joe Phaahla op 22/6/2022 die laaste regulasies opgehef. Die opskortings geld vir die dra van maskers binnenshuis, beperking op saamtrekke en grensbeheer en mense wat die land binnekom se inentingstatus.

